

ANCHOR ALCHEMY I

Saccharomyces cerevisiae

'n Gisversnit vir die bevordering van AROMATIESE ESTERS in witwyne.

ANCHOR
ALCHEMY I

AROMATIESE ESTERS

'n Gisversnit vir die bevordering van aromatiese esters in witwyne.

OORSPRONG:

Alchemy I is 'n wetenskaplik-geformuleerde gisversnit. Dit is ontwikkel in samewerking met die Australiese Wynnavorsingsinstituut (AWRI).

TOEPASSING:

Alchemy I bevorder hoofsaaklik die produksie van vrugtige- en blomagtige esters en tot 'n mindere mate, vlugtige tirole (grenadella-, pomelo-, appelliefie- en koejawel aromas) in witwyne. Hierdie effek is as gevolg van die sinergistiese werking tussen die spesifieke gisrasse in die versnit. Die verhouding tussen die gisrasse in die versnit is wetenskaplik geformuleer om die optimum aromatiese profiel te verseker. Dit word aanbeveel vir die fermentasie van wit druifkultivars soos Chardonnay, Chenin blanc, Verdelho, Riesling, Pinot gris en tropiese-styl Sauvignon blanc.

FERMENTASIE EIENSKAPPE:

- Vinnige fermenteerder: temperatuur beheer word aanbeveel
- Omsettingsfaktor: 0.58 – 0.63

TEGNIIESE EIENSKAPPE:

Koue toleransie:	12°C
Optimum temperatuurreeks:	13 - 16°C
Osmotoleransie:	25°Balling / Brix
Alkohol toleransie by 15°C:	15.5%
Skuimproduksie:	laag

METABOLIESE EIENSKAPPE:

Gliserol produksie:	5 – 7 g/l
Vlugtige suur produksie:	oor die algemeen laer as 0.5 g/l
SO ₂ produksie:	geen tot baie laag
Stikstof behoefte:	gemiddeld tot laag

FENOTIPE:

- Killer: positief en negatief (moedertenk vermeerdering in plaas van direkte inokulasie sal die gisverhouding in die versnit versteur)
- Kaneelsuurdekarboksilase aktiwiteit: swak positief (POF+)

DOSIS:

20 g/hl: slegs direkte inokulasie (geen propagering)

VERPAKKING:

Alchemy I is vakuumpak in 1 kg pakke. Stoor in 'n koel (5 - 15°C), droë plek, verseël in die oorspronklike verpakking.



Anchor
OENOLOGY
Supporting you from grape to glass

Vir meer informasie, kontak Anchor Oenology:
Tel: +27 (0)21 534 1351 | Email: oenology@anchor.co.za | www.anchor.co.za
10 Cochrane Avenue, Epping, Cape Town, 7475

